Nasionale Vrywilligerwerkswinkel op Stellenbosch

Die Vrywilliger-werksgroep van die South African Higher Education Community Engagement Forum (SAHECEF)* het op Vrydag, 11 Maart 2011 ontmoet vir ’n werkswinkel by die Universiteit Stellenbosch (US). Negentien verteenwoordigers van agt universiteite (Wits, UJ, NWU, DUT, UK, UWK, KSUT en die US) het dit bygewoon. Dit was ’n betekenisvolle geleentheid aangesien dit die eerste werksgroepbyeenkoms is wat gehou is sedert SAHECEF onlangs vyf werksgroepe gevestig het om praktyksgemeenskappe rondom spesifieke vorme van gemeenskapsinteraksie in hoër opvoedingsinstansies te bou. Die ander werksgroepe is gerig op leer en onderrig, navorsing, gemeenskapsvennootskappe en die bestuur van gemeenskapsinteraksie.

Die deelnemers van die werkswinkel het ‘n raamwerk vir die 2011 Mandela Dag-vierings by Suid-Afrikaanse universiteite vir SAHECEF gefinaliseer. Daar was drie hoofaanbiedings: Me Biana Joseph, ‘n voorneemde PhD student by die US het die kwessie van *Recruitment and Retention of Student Volunteers* aangespreek; Dr Leslie van Rooi, Hoof van die Frederick van Zyl Slabbert Leierskapsinstituut, het gepraat oor die ontwerp van ‘n *Short Course on Student Leadership in Community Engagement*; en Mnr Mike Leslie, Lid van die Matie Gemeenskapsdiens se Eenstopdiens Adviesraad, het sy ervaringe in ’n aanbieding getitel *Crafting a Guide for Student Volunteerism* gedeel. Die aanbiedings was gevolg deur lewendige gesprekke en die uitruil van ervaringe en idees.

Volgens me Lydia Burger, Hoof van Matie Gemeenskapdiens (MGD), was “... die gesprekvoering positief en deelnemers was daarop ingestel om van mekaar te leer en mekaar te ondersteun. Vrywilligerwerk deur studente by die onderskeie tersiêre inrigtings beleef tans 'n baie besondere opbloei met kenmerkende hoë energievlakke. Dit skep unieke geleenthede vir sinvolle gemeenskapsvennootskappe waarby studente, diensverskaffers en gemeenskappe kan baat.”

Me Michelle Pietersen, Programbestuurder van die MGD Eenstopdiens, meen dat deur ons studente deur hulle blootstelling aan vrywilligerwerk voorberei word vir goeie burgerskap. "Studentevrywilligerwerk word nou ‘n voertuig waarmee burgerskap gedryf word in ons land”, aldus Pietersen.

In die finale deel van die werkswinkel het die koordineerders van die werksgroep, Me Michelle Pietersen (SU) en Me Mrs Ernestine Meyer-Adams (Universiteit van Johannesburg), hulle ervaringe van studente vrywilligerprogramme by hul onderskeie instansies gedeel. Hierdie bydraes was hoogs insiggewend vir die deelnemers. Daar sal geleenthede geskep word vir ander universiteite om hul vrywillige programme te profileer by volgende werkswinkels. Die volgende werkswinkel van die *Volunteerism Working Group* sal op Vrydag, 13 Mei 2011 by die Universiteit van Johannesburg gehou word.

**SAHECEF is a nasionale organisasie toegewyd aan die bepleiting, bevordering, ondersteuning, monitering en versterking van gemeenskapsinteraksie by Suid-Afrikaanse Hoër Onderwys Instansies.*